NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2018

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

## NASIENRIGLYNE

Tyd: 2½ uur | 100 punte

---

**Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende vertolkings mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.**

---

IEB Copyright © 2018 

## AFDELING A LETTERKUNDE

### HOOPVOL – *Derick van der Walt*

**Algemene riglyne:**

- *Name mag verkeerd gespel word, maar moet nog steeds as die naam gelees kan word. Wanneer daar egter spesifiek vir 'n naam van 'n belangrike karakter vir een punt gevra word, moet die kandidaat dit korrek spel.*
- *Engelse woorde mag aanvaar word as dit so in die boek gebruik word.*
- *Woorde wat verkeerd gespel word en 'n nuwe foutiewe betekenis skep, word as 'n verkeerde feit gepenaliseer.*
- *Punte word nie afgetrek vir foutiewe taal nie. Indien taalfoute egter die betekenis van die antwoord beïnvloed, moet geen punt toegeken word nie.*
- *Indien die eerste deel van 'n vraag verkeerd beantwoord is, word daar steeds 'n punt toegeken vir die tweede deel van die vraag indien dit korrek is. (Gebruik eie oordeel indien dit voorkom asof kandidaat die vraag misverstaan het en 'n skoot in die donker waag met talle moontlike antwoorde.)*

### VRAAG 1

1.1 1.1.1
- Hulle het baie kinders.
- Hulle was arm.
- Daar was nie werk nie.
- Daar was nie 'n beter toekoms vir hulle nie.
- Daar was nie geleenthede vir hulle nie.
- Hulle het nie opvoeding/geleerdheid gehad nie.
- Hulle weet nie van beter nie.
- Mans slaan hulle vrouens omdat hulle niks anders het om te doen nie.
- Hulle moet hulle dooddrink om iets vir die lewe te voel.
  (*Een rede*)

1.1.2
- Liefie is die eienaar.
- Spyskaart het verander./Kos het verander.
- Die kos is ligter/slaai.
- Die kos is modern/chocolate fondant.
- Die kos is vreemd/interessant/"Karoo-cuisine met 'n twist".
- Rottangstoele (in plaas van outydse Koning George stoele).
- Moderne skildery/skildery van Karoo (in plaas van lugfoto van Hoopvol) agter toonbank.
- Nuwe mat (groen mat) in ontvangsvertrek.
- Gietysterstoele (in plaas van plastiekstoele in binnehof/onder prieel.)
- Stoelkussings het groen en pienk strepe.
  (*Enige twee feite)*

1.2 1.2.1
- Nathalie is nou die ding vir hom.
- Nathalie is groter/belangriker as dwelms.
- Hy het nie die dwelms nodig as sy in sy lewe is nie.

(*Een feit*)

1.2.2
- Sy het gedink dat hy vir Olivia aangerand het omdat hy weer dwelms begin gebruik het.
- Sy het onthou dat hy vrouens misbruik het/sleg behandel het/ mishandel het terwyl hy dwelms gebruik het.
- Sy het gesien dat sy oë rooi was.
- Sy het gehoor dat 'n mens dwelms op Hoopvol kon kry.
- Sy het aan tannie Lettie se waarskuwing gedink dat dwelm-verslaafdes nooit regkom nie.

(*Een bewys*)

1.3 1.3.1
- Hy was getroud.
- Hy het vier seuns gehad.
- Hy was die polisiehoof op Hoopvol.

(*Een feit*)

1.3.2
- Hy het vir Nathalie gesê dat hy hoop dat dit nie Bobby was wat vir Olivia aangerand het nie.
- Hy het vir Nathalie gesê dat dit "oukei" is dat sy en Bobby saam is.
- Hy het vir Nathalie gebel om te sê dat Bobby onskuldig is.
- Hy het Ben uitgenooi om saam te gaan jag/rugby te gaan kyk.

(*Een feit*)

1.4 1.4.1
- Daar was geld in wat hy kon gebruik om kos/klere/toiletware/ selfoonlaaier te koop.
- Hy het sy ID-dokument nodig om te wys hoe oud hy is wanneer hy werk soek.
- Die ID-dokumente kon bewys dat die huis op Hoopvol aan hom behoort.

(*Enige een van bogenoemde*)

1.5 1.5.1 Kenny/Kenny en sy vriende/mans wat by die (meubel) fabriek gewerk het/mans wat veerpyltjies gespeel het.

1.5.2 Oil het na daardie meisie gaan soek van wie hy so baie gepraat het/na wie hy so gesoek het.

1.6 1.6.1 Skape skeer.

1.6.2 Bobby verskyn op die foto van die Skaapskeerder van die Jaar.

1.7 1.7.1 Begraafplaas/Graf

1.7.2 Soetwater

IEB Copyright © 2018

## VRAAG 2

2.1

| | |
|---|---|
| 1. | • Bobby het die klip by die swempoel opgetel.<br>• Nathalie het die klip in Bobby se (baadjie)sak gesit.<br>• Later het Nathalie die klip onder Bobby se bed by tannie Rhoda/die losieshuis opgetel. |
| 2. | Ben het die klip by/op sy pa (gesin) se graf(steen) gesit. |
| 3. | Die foto in Nathalie se huis is by die **kerkbasaar** op Hoopvol/by Kleinkoppies se kerkbasaar/in die **parkie** op Hoopvol/by pastoor Chalmers se kerkbasaar geneem. |
| 4. | • Sy en Bobby het planne gemaak om Hoopvol te verlaat.<br>• Dit was miskien hulle laaste kerkbasaar saam op Hoopvol.<br>(*Een rede*) |
| 5. | Dit was 'n foto van sy ma en pa saam. |
| 6. | • Hy het die foto van sy ma en die seun langs haar uitgeknip.<br>• Hy het die foto in sy beursie gesit.<br>(*Een feit*) |

2.2

| **POLISIEVERSLAG VAN BRAND IN MAYFAIR** | |
|---|---|
| 2.2.1 | *Die volle name van die persone wat in die brand dood is:*<br><br>Nathalie de Koker en Elma Anderson. |
| 2.2.2 | *Die oorsaak van die brand:*<br><br>'n Kers het omgewaai/omgeval. |
| 2.2.3 | *Waar Ben de Koker gedurende die brand was en hoekom hy daar was:*<br><br>By sy vriend (Kleynhans) om PlayStation te speel. |
| 2.2.4 | *Watter taak Ben de Koker se ma vir hom daardie aand voor die brand gegee het en waarom Ben de Koker se ma dit nie self kon doen nie:*<br><br>Hy moes na sy suster kyk, want sy ma was siek. |

## VRAAG 3

3.1 Sy het met Charl gekompeteer om haarself as meisie te bewys./Sy moes bewys dat sy 'n beter boer as Charl is./Sy moes aan haar pa bewys dat sy die plaas verdien./Sy het gedink Charl was haar pa se gunsteling./Sy is 'n meisie in 'n manswêreld.

3.2 Sy het my geleer perdry.

3.3
- Ek het al voorheen hierdie "game"/speletjie gespeel.
- Ek het gemaak of ek dit nie ken nie.

3.4
- Sy het vir my vertel van Charl se dood.
- Sy het geglimlag toe ek oor haar hare streel.
- Sy het my hulp gevra met Rebecca se lam se geboorte.
- Sy het toegelaat dat ek haar stywer vashou toe sy koud gekry het (in die skuur).
- Sy het gesê dat sy bly is ek is op die plaas.
- Sy het gesê dat sy bly is ek is die nuwe boetie op die plaas.
  (*Enige twee redes*)

3.5 Dit is 'n kombinasie van Bobby en Nathalie/my ma en pa se name.

3.6 Ek het vir hom …
- belowe dat ek sal ophou rook.
- vertel van my 100 lopies in krieket (en van die R100 geskenkbewys by Kentucky wat ek daarvoor gewen het).
- vertel hoe goed ek oor die bok gespring het (in die gimklas).
- vertel hoe swaar dit gegaan het, maar ek het koerante afgelewer.
- vertel dat my ma in tannie Mabel se klerewinkel gewerk het, maar sy het dit gehaat.
- vertel hoe my ma en Elma doodgebrand het en dat dit my skuld is/dat ek jammer is.
- vertel dat ek my ma se groen handsak vir altyd sal hou.
- vertel dat ek sy seun is en ek is jammer hy het nie geweet nie.
- vertel dat ek weet dat hy nie geweet het dat hy 'n seun het nie.
  (*Enige twee feite*)

3.7 Ek het sy naam.

## VRAAG 4

**Inhoud: Maksimum van 350 woorde –** *Daarna word 'n streep getrek en feite daarná word nie getel nie.*

(1) **Juffrou September se verhouding met Nathalie:**

- Sy het haar glasie wyn saam met Nathalie in die kantoor gedrink.
- Hulle het gemaklik saam in stilte gesit.
- Juffrou September het aan redes gedink om Nathalie terug by haar kantoor te kry.
- Liefie moes by die hotel bly, want juffrou September wou net vir Nathalie by die burgemeesterskantoor hê.
  (*Enige twee feite*)

- Sy het haar werk gelos.
- Sy het die (raads)vergadering net so gelos.
- Sy het Nathalie met haar motor Beaufort-Wes toe geneem.
- Sy wou self bestuur.
- Sy het vinnig gery.
  (*Enige twee feite*)

- Liefde is die hoogste gebod.

(2) **Juffrou September se verhouding met die dorpsmense:**

- Sy was 'n vrou.
- Sy was bruin.

- Sy was nie sterk genoeg vir die werk nie.
- Sy was te lig in die broek.
  (*Een feit)*

- Sy wou haar vriendin wees.
- Juffrou September kon haar help met haar besigheid/hotel.
- Juffrou September het invloed op die dorp gehad.
- Lettie wou die vriendin van 'n belangrike persoon wees.
  (*Enige twee feite*)

(3) **Juffrou September se verhouding met pastoor Chalmers:**

- Sy het met haar tassie na die wit skool toe gegaan.
- Ander begaafde bruin kinders kon ook na die wit skool toe gaan.

- Nathalie het gedink dat die mat juffrou September ongelukkig maak.

- Hy het vir haar 'n nuwe mat gestuur.
- Op die kaartjie het hy haar "Leatitia met die knopknieë" genoem.
- Op die kaartjie het hy geskryf "Altyd joune".
- Op die kaartjie was dieselfde handskrif wat altyd op haar rapport was.
  (*Enige twee feite*)

- Hulle het saam uit Hoopvol weggeloop.

IEB Copyright © 2018

## TAAL EN STRUKTUUR

**Die vier punte vir Assessering word volgens die TAAL EN STRUKTUUR (4) toegeken.**

| | **TAAL EN STRUKTUUR (4)**<br><br>Struktuur, logiese vloei van aanbieding. Taal, toon en styl gebruik in opstel. |
|---|---|
| **4 punte** | Samehangende teks geproduseer. Uitstekende antwoord. Uiters geskikte inleiding en samevatting. Argumente goed gestruktureer en duidelik ontwikkel. Taal, toon en styl is goed aangewend, indrukwekkend, korrek. |
| **3 punte** | Duidelike struktuur en logiese vloei van gedagtes. Inleiding en samevatting is bogemiddeld. Vloei van gedagtes kan gevolg word. Taal, toon en styl korrek. |
| **2 punte** | Beplanning in die struktuur toon tekens van foute. Inleiding en/of samevatting is nie heeltemal geskik nie. Argumente nie logies nie. Paragrafering foutief. Taalfoute teenwoordig. Toon en styl nie geskik vir die doel van akademiese skryfwerk nie. |
| **1–0 punt** | Moeilik om te bepaal of vraag beantwoord is.<br>Geen bewys van beplande struktuur of logiese uiteensetting nie.<br>Geen paragrafering of samehang nie. Swak taal.<br>Foutiewe styl en toon. |

IEB Copyright © 2018

## AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

## RIGLYNE BY DIE ASSESSERING VAN DIE SKRYFWERK

1. Die nasienrubriek moet goed bestudeer word en deurgaans geraadpleeg word.

2. As die opdrag misgetas of verkeerd geïnterpreteer is, moet die kandidaat streng gepenaliseer word ten opsigte van inhoud. Taal moet egter normaalweg geassesseer word.

   Voorbeeld: Bloginskrywing

   | | | |
   |---|---|---|
   | Inhoud, beplanning en formaat | E | 7 |
   | Taal, styl en redigering | G | 6 |
   | | 7 + 6 = | **13** |

3. **Die neerskryf van punte:** Gebruik die korrekte rubriek vir elke skryfstuk. Assesseer die kandidaat se skryfstuk volgens die kriteria vir elkeen van die drie rubrieke na aanleiding van die **kodes**.

   | | | |
   |---|---|---|
   | Skryf die punte soos volg neer: | I : E | 7 |
   | | T : G | 6 |
   | | | **13** |

   Halfpunte word na die eindtotaal oorgedra en daar afgerond.

4. Vraag 6 – die punt moet deur 2 gedeel word ten einde die totaal uit 10 te laat tel.

   Die volgende simbole moet tydens die assessering van die skryfstuk gebruik word:

| SIMBOOL | BESKRYWING | VERDUIDELIKING |
|---|---|---|
| // | Dubbel strepie aan die begin van sin wat nuwe paragraaf aandui | Nuwe paragraaf |
| interr<u>es</u>ant | Strepie onder die woord | Spelfout |
| × | Kruisie oor woord | Foutiewe woord |
| ( ) | Hakies | Foutiewe woordorde |
| ^ | Weglaatteken | Woord(e)/leesteken uitgelaat |
| T (in kantlyn) | Hoofletter T | Tye verwarrend/foutief gebruik |
| ?/≀ (in die kantlyn) | Groot vraagteken/ kronkelstreep | Onduidelik/ onverstaanbaar |
| enough (omkring) | Kring om woord | Engelse woord |
| hh | Dubbele *h* | Herhaling |
| Skryf die hoofletter of komma in | | Hoofletter/komma |

Indien die skryfstuk ver te lank is, word daar net gelees tot die vereiste getal woorde – kandidaat word dan outomaties op grond van inhoud gepenaliseer.

## VRAAG 5 BLOGINSKRYWING

**Formaat:**

- Drie paragrawe volgens instruksies.
- Inleiding en slot volgens instruksies.

**Taal:**

- Taal moet aanpas by die doel, teikengroep en konteks.
- Teks moet vloei.

**Inhoud:**

- Word daar voldoen aan die riglyne wat gegee word?
- Is idees interessant en oorspronklik?
- Word al drie aspekte wat in opdrag genoem is, gedek?

## VRAAG 6 E-POS

**Formaat:**

- Formaat volgens voorbeeld.

**Taal:**

- Taal moet aanpas by die doel, teikengroep en konteks.
- Teks moet vloei.

**Inhoud:**

- Word daar voldoen aan die riglyne wat gegee word?
- Word al vier aspekte wat in die opdrag genoem is, gedek?

IEB Copyright © 2018

## ASSESSERINGSRUBRIEK: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

| KRITERIA | UITSONDERLIK | KNAP | GEMIDDELD | ELEMENTÊR | ONVOLDOENDE |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT** | **18–15** | **14–11** | **10–8** | **7–5** | **4–0** |
| 1. **Respons** op onderwerp.<br>2. **Idees** in teks.<br>3. **Organisering** van idees vir die beplanning, doel en gehoor.<br>4. **Kenmerke**/konvensies (reëls) en **konteks** van die teks.<br>**(18)** | 1. **RESPONS:** Uitsonderlik. Bo verwagting. Grondige kennis van kenmerke van die soort teks. Skryfstuk behou fokus.<br>2. **IDEES:** Intelligent, volwasse en behoorlik uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun.<br>3. **ORGANISASIE:** Samehang in inhoud en idees.<br>4. **FORMAAT:** Gepas en akkuraat. | 1. **RESPONS:** Baie goed en demonstreer goeie kennis van kenmerke van die soort teks. Behou fokus. Daar is geen afwyking nie.<br>2. **IDEES:** Baie goed uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun.<br>3. **ORGANISASIE:** Samehang in inhoud en idees.<br>4. **FORMAAT:** Gepas met onbeduidende foute. | 1. **RESPONS:** Voldoende. Toon kennis van kenmerke van die soort teks. Nie heeltemal gefokus nie. Enkele afwykings.<br>2. **IDEES:** Sommige detail ondersteun die onderwerp.<br>3. **ORGANISASIE:** Redelike samehang in inhoud en idees.<br>4. **FORMAAT:** Oorwegend gepas, maar met enkele foute. | 1. **RESPONS:** Basies. Toon geringe kennis van kenmerke van die soort teks. 'n Aanduiding van fokus, maar met afwykings.<br>2. **IDEES:** Min detail ondersteun die onderwerp.<br>3. **ORGANISASIE:** Inhoud en idees nie altyd samehangend nie.<br>4. **FORMAAT:** Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas. Kritiese foute begaan. | 1. **RESPONS:** Toon geen kennis van kenmerke van die soort teks nie. Betekenis is onduidelik met groot afwyking.<br>2. **IDEES:** Baie min detail ondersteun die onderwerp.<br>3. **ORGANISASIE:** Geen samehang in idees en inhoud nie.<br>4. **FORMAAT:** Nodige reëls van formaat nie toegepas nie. |
| **TAAL, STYL EN REDIGERING** | **12–10** | **9–8** | **7–6** | **5–4** | **3–0** |
| 1. **Toon, register, styl en woordkeuse:** hoe gepas vir doel/effek en konteks?<br>2. **Grammatika:** Taalgebruik en -konvensies (taalreëls), bv. spelling, punktuasie en woordeskat.<br>**(12)** | 1. **TOON, REGISTER, STYL EN WOORD-KEUSE:** Hoogs gepas vir doel, gehoor en konteks.<br>2. **GRAMMATIKA:** Akkuraat en goed gekonstrueer. Puik woordeskat.<br>**Feitlik foutvry.** | 1. **TOON, REGISTER, STYL EN WOORD-KEUSE:** Baie gepas vir doel, gehoor en konteks.<br>2. **GRAMMATIKA:** Oor die algemeen korrek en goed gekonstrueer. Baie goeie woordeskat.<br>**Oorwegend foutvry.** | 1. **TOON, REGISTER, STYL EN WOORDKEUSE:** Gepas vir doel, gehoor en konteks.<br>2. **GRAMMATIKA:** Enkele grammatikafoute. Woordeskat is voldoende.<br>**Foute belemmer nie betekenis nie.** | 1. **TOON, REGISTER, STYL EN WOORD-KEUSE:** Minder gepas vir doel, gehoor en konteks.<br>2. **GRAMMATIKA:** Onakkuraat met etlike foute. Woordeskat is basies.<br>**Foute belemmer betekenis.** | 1. **TOON, REGISTER, STYL EN WOORD-KEUSE:** Stem nie ooreen met doel, gehoor en konteks nie.<br>2. **GRAMMATIKA:** Besaai met foute en verwarrend. Woordeskat nie geskik vir doel nie.<br>**Foute belemmer betekenis ernstig.** |
| **VERSPREIDING VAN PUNTE** | **30–25** | **23–19** | **17–14** | **12–9** | **7–0** |

## ASSESSERINGSRUBRIEK: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

| KRITERIA | UITSONDERLIK | KNAP | GEMIDDELD | ELEMENTÊR | ONVOLDOENDE |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT** | **12–10** | **9–8** | **7–6** | **5–4** | **3–0** |
| 1. **Respons** op onderwerp.<br>2. **Idees** in teks.<br>3. **Organisering** van idees vir die beplanning, doel en gehoor.<br>4. **Kenmerke**/konvensies (reëls) en **konteks** van die teks.<br>**(12)** | 1. **RESPONS:** Uitsonderlik. Bo verwagting. Grondige kennis van kenmerke van die soort teks. Skryfstuk behou fokus.<br>2. **IDEES:** Intelligent, volwasse en behoorlik uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun.<br>3. **ORGANISASIE:** Samehang in inhoud en idees.<br>4. **FORMAAT:** Gepas en akkuraat. | 1. **RESPONS:** Baie goed en demonstreer goeie kennis van kenmerke van die soort teks. Behou fokus. Daar is geen afwyking nie.<br>2. **IDEES:** Baie goed uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun.<br>3. **ORGANISASIE:** Samehang in inhoud en idees.<br>4. **FORMAAT:** Gepas met onbeduidende foute. | 1. **RESPONS:** Voldoende. Toon kennis van kenmerke van die soort teks. Nie heeltemal gefokus nie. Enkele afwykings.<br>2. **IDEES:** Sommige detail ondersteun die onderwerp.<br>3. **ORGANISASIE:** Redelike samehang in inhoud en idees.<br>4. **FORMAAT:** Oorwegend gepas, maar met enkele foute. | 1. **RESPONS:** Basies. Toon geringe kennis van kenmerke van die soort teks. 'n Aanduiding van fokus, maar met afwykings.<br>2. **IDEES:** Min detail ondersteun die onderwerp.<br>3. **ORGANISASIE:** Inhoud en idees nie altyd samehangend nie.<br>4. **FORMAAT:** Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas. Kritiese foute begaan. | 1. **RESPONS:** Toon geen kennis van kenmerke van die soort teks nie. Betekenis is onduidelik met groot afwyking.<br>2. **IDEES:** Baie min detail ondersteun die onderwerp.<br>3. **ORGANISASIE:** Geen samehang in idees en inhoud nie.<br>4. **FORMAAT:** Nodige reëls van formaat nie toegepas nie. |
| **TAAL, STYL EN REDIGERING** | **8–7** | **6–5** | **5–4** | **3** | **2–0** |
| 1. **Toon, register, styl en woordkeuse:** hoe gepas vir doel/effek en konteks?<br>2. **Grammatika:** Taalgebruik en -konvensies (taalreëls), bv. spelling, punktuasie en woordeskat.<br>**(8)** | 1. **TOON, REGISTER, STYL EN WOORD-KEUSE:** Hoogs gepas vir doel, gehoor en konteks.<br>2. **GRAMMATIKA:** Akkuraat en goed gekonstrueer. Puik woordeskat.<br>**Feitlik foutvry.** | 1. **TOON, REGISTER, STYL EN WOORD-KEUSE:** Baie gepas vir doel, gehoor en konteks.<br>2. **GRAMMATIKA:** Oor die algemeen korrek en goed gekonstrueer. Baie goeie woordeskat.<br>**Oorwegend foutvry.** | 1. **TOON, REGISTER, STYL EN WOORD-KEUSE:** Gepas vir doel, gehoor en konteks.<br>2. **GRAMMATIKA:** Enkele grammatikafoute. Woordeskat is voldoende.<br>**Foute belemmer nie betekenis nie.** | 1. **TOON, REGISTER, STYL EN WOORD-KEUSE:** Minder gepas vir doel, gehoor en konteks.<br>2. **GRAMMATIKA:** Onakkuraat met etlike foute. Woordeskat is basies.<br>**Foute belemmer betekenis.** | 1. **TOON, REGISTER, STYL EN WOORD-KEUSE:** Stem nie ooreen met doel, gehoor en konteks nie.<br>2. **GRAMMATIKA:** Besaai met foute en verwarrend. Woordeskat nie geskik vir doel nie.<br>**Foute belemmer betekenis ernstig.** |
| **VERSPREIDING VAN PUNTE** | **20–17** | **15–13** | **12–10** | **8–7** | **5–0** |

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2018